Ons en ons kinders deel in die heiligheid waarmee Jesus Christus gebore is

Ds. PJ Kriel Kerspreek Doop Retief Hoffman 24.12.2023

Inhoud Hierdie preek wys dat Christus se geboorte is een en enig en dat ons kinders nooit soos Jesus gebore kan word nie. Christus is gebore om ons kinders se Here te wees, nie hulle geestelike rolmodel nie. As Here heilig en regverdig hy ons kinders vir God se liefde. So word hulle in God se liefde groot. Kersfees is nie net nog weer ‘n keer ‘n depressiewe boetedoeningsdag vir ons en ons kinders nie.

Skriflesing Lukas 1: 26 – 35, 69 – 75; Jesaja 9: 5 en 6; 2 Samuel 7: 12 – 16.

Teks Luk. 1: 34 “Daarom sal die kind wat gebore word heilig wees. Hy sal die Sein van God genoem word.”

Tema Ons en ons kinders deel in die heiligheid waarmee Jesus Christus gebore is.

1. Kersfees is die viering dat ons ingesluit is in die geboorte van Jesus Christus. Kersfees is nie ‘n geestelike skouspel of koninklike drama van ‘n koninklike geboorte soos met die optogte en skouspele van die Engelse koningshuis wat hulle nuwe kinders en kleinkinders van ‘n balkon vir die nasie vertoon nie. ‘n Skouspel waarin ons ons inleef en laat meevoer nie.

Kersfees is die viering van dit wat ons doop ons van verseker – ons is ingesluit in en deel in wie Jesus Christus as baba vir ons is. Daarom kan ons ook juis met Kersfees die doop aan ons kinders bedien soos vanoggend en hulle doop in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees.

Hierdie teken bevestig aan ons babas hulle is ingesluit en deel in die geboorte van Jesus Christus as baba in Betlehem.

Jesus Christus se geboorte is nie spesiaal of uniek nie. Jesus se geboorte as baba is een en enig. Die profeet profeteer die Messias se geboorte so: “ ‘n Kind is vir ons gebore, ‘n Seun is aan ons gegee, die heerskappy is op sy skouer. (Jes. 9: 5) Jesaja is hier besig om 710 jaar voor Christus te profeteer oor die Dawidsbelofte van 2 Sam. 7: 8 – 17 wat hy en al die Israeliete al vanaf die jaar 1000 v.C geken het- dat een van Dawid se nakomelinge op die troon van Dawid sal sit en vir ewig oor die volk van God sal regeer.

Geen ander baba, nie voor of na Christus nie is of word so gebore nie. Ook nie Retief wat ons vanoggend doop nie. Hulle is nie een ‘n nakomeling van Dawid nie, nie een van hulle kom uit ‘n koningshuis nie – ons babas word in boerehuise gebore. Die regering van God oor sy volk rus nie op een van kinders se skouers nie. Op hulle rus waarskynlik die plaas of besigheid van hul ouers.

Ons is ingesluit in die geboorte van Jesus wat een en enig is. Hy wat alleen die seun van Dawid, die beloofde Christus is.

2. Ons en ons kinders is ingesluit en deel in die geboorte van Jesus Christus as baba. Jesus is gebore as Seun van God die Vader volgens die Dawidsbelofte dat die Messias twee vaders sal hê. Hy sal Dawid se eie nakomeling wees. Een van Dawid se eie agter kleinseuns en Hy sal vir God self Seun wees en God self sa; sy Vader

Ons en ons kinders deel in die heiligheid waarmee Jesus Christus gebore is

wees in die woorde van die profeet Natan: “Ek sal vir Hom ‘n vader wees en hy sal vir my ‘n Seun wees. (2 Sam. 7: 14)

Die profeet Jesaja profeteer só oor hierdie Dawidsbelofte: “Want ’n Kind is vir ons gebore, ‘n Seun is aan ons gegee” (Jes.9: 5) En dan openbaar Jesaja dat hierdie Seun self Magtige God is. (9: 5) Die engel kondig aan Maria aan dat Jesus volgens die Dawidsbelofte die Seun van God genoem sal word. (Luk. 1:24)

Jesus se geboorte is een en enig want in sy geboorte word God die Skepper self ‘n mens – in en deur sy geboorte as baba is Jesus Christus self God met ons, Immanuel. (Mat. 1: 23)

Ons kinders word nie so gebore soos Jesus nie – ‘n Kind is gebore, ‘n Seun is aan ons gegee. Ons kinders word as kinders gebore en as kinders aan ons gegee en hulle is ons seuns en dogters, nie God se Seun nie

Jesus Christus is die enigste baba ooit wat as ‘n heilige baba gebore is. Hy is ontvang van die Heilige Gees en gebore uit die maagd Maria. Soos Jesaja dit in Jes. 7: 13  en 14 geprofeteer het volgens die Dawidsbelofte: “Luister tog o huis van Dawid ... Daarom sal die Here self aan julle ‘n teken gee: Kyk, die maagd sal swanger word en ‘n seun baar en Hom Immanuel noem.” (1953 vertaling)

Jesus is as kind nie deur Josef verwek nie maar uit Maria verwek deur die Heilige Gees. Daarom is Hy ontvang deur die Gees en gebore uit die maagd Maria. So gebore, is Jesus ‘n baba sonder ‘n sondige geaardheid. ‘n Baba met die geaardheid om God met sy hele hart, siel en verstand lief te hê en sy naaste soos Homself.

Ons kinders word nie so as heilige babas gebore nie. Hulle is word met ‘n sondige geaardheid gebore – ‘n geaardheid om hulle self met hulle hele hart, siel en verstand lief te hê en God soos hulle self.

3. Sagaria profeteer só oor die kragtige werking van ons vereniging met Jesus Christus in sy geboorte as heilige baba: “om gered te wees uit die hand van ons vyande: om God onbevrees lief te hê en te dien – omdat ons ingesluit is en deel in Jesus se heiligheid en geregtigheid (Syne is myne ) (Luk. 73 -75)

So is al ons sonde vir altyd vergewe en leef ons diensbaar in God se onskeidbare liefde.

Só is Jesus Christus Immanuel, God met ons en ons kinders. Jesus Christus is vir ons en ons kinders Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader en Vredevors. Jesus Christus is vir ons Immanuel - ons Wonderbare Raadsman want Hy leer ons en wys ons ons is ingesluit in sy geboorte en daarom vir God heilig en regverdig in ons diensbaarheid. Jesus Christus is vir ons Magtige God want dit is deur sy krag as God wat Hy ons insluit en verenig met sy geboorte om so heilig en regverdig te wees. Jesus Christus is vir ons Immanuel – Ewige Vader want Hy is die Seun van die Vader wat sy Vader ons Vader laat wees. Jesus Christus is vir ons Immanuel – Vredevors want Hy laat ons ten spyte van ons sondes in die vrede leef dat ons vir God heilig en regverdig is.

Ons en ons kinders deel in die heiligheid waarmee Jesus Christus gebore is

Ons doop ons kinders in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees as waarmerk van wie Jesus Christus vir hulle is – Immanuel. God met ons en ons kinders! Vir ons babas is Jesus Christus Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader en Vredevors. Dit is hoekom Hy as heilige baba gebore is.

4. Hoe gaan dit ons kinders se lewe verander om só groot te word, ingesluit in die geboorte van Christus, onbevrees heilig en reg in God se liefde.?

Kom ons kyk na ouers as voorbeeld! Wat doen ouers elke dag met 'n baba? Hulle maak hulle droog want hulle maak hulleself nat. Hulle maak hulle skoon want hulle maak hulleself vuil. Hulle bad hulle elke dag om die hele tyd skoon te wees. Wat doen ouers nooit nie? Hulle gaan nie kwaad word vir babas wat hulle self nat en vuil maak en babas probeer dissiplineer om hulself nie nat en vuil te maak nie. Wat doen die babas terwyl ouers droog en skoon maak? Hulle leer om in vertroue te leef dat hulle in liefde versorg word. Hulle leer om in die roetine van hul ouers te kom en om te reageer as met hulle gelag en gesels word.

Hoe verander dit ons kinders se lewenswyse omdat hulle ingedoop is in Christus se geboorte om onbevrees in God se liefde geheilig en geregverdig te wees? Hulle word groot en leer die lewe wat God vir hulle as kinders gee as 'n lewe met God en vir God. Hulle leer leef met Jesus Christus wat Immanuel, God met hulle is wie vir hulle as kinders Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader en Vredevors.

Hulle leer leef in 'n liefde waarin hulle hulself nooit van sondes skoon maak nie want Christus maak hulle elke dag heilig en reg vir God se liefde. Dit is hoe Christus as Immanuel kinders heilig en regverdig – Hy verlos sy volk van hul sonde om nooit weer vir God vuil te wees nie.

Wanneer verander ouers so dat hulle kinders hulle eie klere moet was, heelmaak en stryk? Hulle doen dit nie met peuters, nie, nie met kleuters nie, nie met tieners nie en wanneer hulle al studente of werkende jongmense is, was, stryk en maak ma nog hul klere heel. Want ouers hou kinders skoon sodat hulle kan fokus om iets van hul lewe te maak en só saam met hulle te leef.

Ingedoop in die geboorte van Christus leef ons en ons kinders die lewe wat God vir ons gee voluit vir en met hom in sy liefde, ingesluit en verenig altyd gereinig van sonde deur Christus se geboorte as heilige baba. Verlos van sonde om met God in sy liefde te leef – Immanuel vir ons en ons kinders.

5. Kersfees word deur die geestelikes van hierdie wêreld net nog 'n depressiewe dag van boetedoening gemaak wat hulle met liggies en presente opdis asof dit die opgewondenheid van Kersfees en die geboorte van Christus is.

Die kern van hoe hulle die geboorte van Christus net nog 'n vorm van boetedoening maak, is dat hulle preek dat jy te sleg is om jou eie menslike lewe te leef vir God en dat Jesus se geboorte jou kamstig wys dat jy op jou eie menslike lewe moet opgee, jouself moet oorgee en weggee. In die plek van jouself en jou eie lewe moet jy kamstig God toelaat om sy goddelike self en sy goddelike lewe deur jou te leef.

Ons en ons kinders deel in die heiligheid waarmee Jesus Christus gebore is

So vervang hulle Jesus die Christus as Immanuel met spirituele mense wat nou vir die wêreld Immanuel moet wees. Jesus is vir hierdie geestelike leiers net die voorbeeld van hoe hulle dissipels Immanuel vir die wêreld is.

Die geboorte van Jesus wys nou kamstig hoe jy God in jou gebore moet laat word. God wat binne in jou weer gebore word is nou die nuwe geestelike wedergeboorte. Daarvoor moet jy God in jou lewe innooi en jou lyf vir God die nederige krippie maak waarin God in die wêreld inkom. So kom God nou kamstig deur jou lyf en gees in die wêreld in, net soos Jesus se geboorte kamstig God in die wêreld ingebring het. In mense se spirituele ervarings moet God nou die wêreld inkom het. Jy moet kamstig vir mense die beeld van die God wat as God binne in jou gebore is, uitstraal sodat hulle God in jou kan sien en beleef. Jy moet soos Jesus God vir mense inkarneer want anders bly God vir hulle 'ver en onbekende God. Jy moet kamstig God se vrede, vriendelikheid en meelewing vir mense wees in jou innigheid met mense. So maak jy dit kamstig vir mense moontlik om met God in jou te assosieer. Jy moet die misterie van God in Maria as moeder van God beleef as jou eie misterieuse ervaring van God, en so moet jy God vir ander 'n spirituele belewenis maak. God wat in jou gebore is moet die Lig word vir al die onderdrukte versukkelde randfigure in die gemeenskap. So maak die geestelikes van hierdie wêreld van Jesus Christus wat Immanuel, God met ons is, net weer die afgode wat binne in ons leef. Maak hulle van God net weer ons spirituele belewenis om self Immanuel vir mense te wees.

Volgens die geestelikes van hierdie wêreld moet jy om God se lewe vir God te leef, dan van Kersfees net weer 'n offerfees in boetedoening maak. Net soos met al hulle ander boetedoeningsfeeste moet jy met Kersfees weer 'n keer en nog 'n keer jouself ontken, jouself opoffer, jou eie lewe prysgee, jou eie identiteit minag, as mens te aanvaar jy en jou eie lewe is te sleg om te leef en daarom moet jy God toelaat om sy lewe deur jou te leef.

En so offer jy maar net weer jouself en jou menswees as offer vir God op – voor die kindjie in die krippie in Betlehem wat nou 'n offeraltaar is waarop jy jou menswees moet prysgee.

Ons doop nie Retief vanoggend as baba om hom te verseker hy is so sleg vir God dat hy homself vir God moet opoffer en dat God sy goddelike lewe deur Retief wil uitleef nie. Ons doop nie ons kinders om deur god geoffer te word sodat Hy God deur hulle en hulle lewens kan wees nie. Ons doop ons kinders omdat hulle God onbevrees kan liefhê en dien volgens sy gebooie omdat hulle in die geboorte van Christus as mens deel is van sy heiligheid en regverdigheid as mens vandag (Luk. 1: 73 – 75). Babas geheilig deur die heilige baba van Betlehem.

Ons kinders is ingesluit in die menslike heiligheid en regverdigheid van Jesus wat vandag nog steeds 'n mens is. Hulle moet nie deur hulle lewe God, God vir die wêreld maak soos Jesus nie. Jesus Christus is Immanuel, God met ons. Ons en ons kinders is nie Immanuel vir mense omdat God kamstig binne in ons is nie. Ons is mense vir God, onbevrees in sy liefde dien ons Hom volgens sy gebooie want in sy liefde laat Hy ons heilige en regverdige mense wees.